Tema: Waar trek jy die grens van die koninkryk van God in jou lewe?

Vooraf sang
Ps 148 - 2: 1,4 (almal), 7 (brs), 8 (srs), 9 (almal)
Ps 149 - 1: 1,2
Sb 3 - 2: 1;
Ps 150 - 1: 1,2;

Ontmoetingsdiens
Intreelied Lied 151:1,2
Votum
Seëngroet
Loflied Nuwe Ps 110: 1,2,3 (mel ps 128)
Geloofsbelydenis

Verootmoedigingsdiens
Wet: fokus op die tweede gebod en HK Sondag35
Sing Sb 3 - 2: 1,5
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: Matteus 13: 44 - 46
Matteus 19: 16 - 26
Teks: Matteus 19: 21 - 23
Sing Lied 530: 1,2,3
Woordbediening

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB (Kinderevangelisasie)
Sing Nuwe Sb “Wat eers vir my „n bate was: 1,2,3,4
Seën
Amen Sb - 13 - 2.

Geliefde brs en srs en kinders

Dit is nie maklik om in vandag se wêreld ’n gelowige te wees nie. Ons leef eintlik in twee wêrelde wat ver van mekaar verwyder is. En telkens moet ek as gelowige besin aan watter kan van die grens tussen hierdie twee wêrelde staan ek.

Aan die een kant leef ons in God se koninkryk. Christus het ons deel gemaak van hierdie ryk van God en dit beteken mos nou weer (twv die kinders) dat ons onder sy heerskappy staan en dat ons sy heerskappy oor al die terreine van ons lewe moet uitbrei. Die kernbeginsel van hierdie wêreld van God se ryk is dat ek aan Hom gehoorsaam moet wees..... altyd en oral.

Maar aan die ander kant leef ons ook binne die sondige wêreld en dit word toenemend moeilik om as burger van God se ryk ook in die wêreld met al sy uitdagings te leef.

In die ou dae was dit makliker. Dit was asof hierdie twee wêrelde meer ooreengestem het. Kinders en jongmense: toe ons, wat nou volwassenes is, klein was, was dinge maklik. Almal het saamgestem: die kerk, die skool, die staat, my bure en my vriende! Dit was toe maklik om ’n burger van die koninkryk te wees. Nou nie meer nie...

Die leefwêreld van die kerk en gelowiges het ver verwyderd geraak van die leefwêreld van die skool, die staat, my werk, soms ook my vriende en dalk beslis my buurman. Nou stem almal nie meer saam nie, dinge word nie meer in die wêreld gedoen soos die Here in sy Woord sê nie en ek moet <u>nou bewustelik keuses uitoefen.</u>

In my werkskring mag ek dalk die enigste wees wat ’n gelowige is. Die manier waarop my werkgewer die werk gedoen wil hê stem dalk nie meer ooreen met wat God in sy Woord sê nie. Ek sien dat **my buurman nooit** kerk toe gaan nie en ek wonder hoe moet ek nou teenoor hom of haar optree. Wanneer ek en **my vriende gesels** dan kom ek agter dat hulle nie regtig meer oor al die vrae van die lewe dink soos ek nie en dat hulle ander standpunte huldig as wat ek by God geleer het.

Ek moet myself gedurig afvra: hoe leef ek nou in hierdie nuwe wêreld as koninkryks-burger? Waar trek ek die grense van die koninkryk in my daaglikse lewe?

Wanneer ons hierdie vraag moet beantwoord dan is die eerste belangrike saak wat ons moet oorweeg die vraag na die waarde van die 2 wêrelde. Watter een het regtig waarde?

In die koninkryksgelykenisse van die skat in die saailand en die kosbare pêrel wat die handelaar gekry het, leer die Here ons die waarde van die koninkryk. Om in die koninkryk van God te wees oortref alles in waarde. Die boer wat toevallig op ’n groot skat afkom in die huurgrond wat hy bewerk het, het besef dat hy hierdie kosbare skat ten alle

koste moet besit. Hy het besluit om alles wat hy besit te verkoop en die stuk grond te koop sodat die skat dan wettig syne kan wees.

So ook die juwelehandelaar wat spesifiek op soek wat na die beste pêrel wat hy kon vind. In die tyd van die Nuwe Testament was pêrels geag as van die kosbaarste beleggings wat jy kon maak. Amper soos diamante, goud of platinum vandag. En toe hy hierdie besondere pêrel vind het hy al sy beleggings losgemaak en alles verkoop om hierdie kosbare pêrel te besit.

So kosbaar is dit om deel te wees van God se koninkryk! Jy offer alles wat jy het daarvoor op. Dit is die hoogste waarde wat jy ooit in die lewe kan vind. Om te weet dat God jou sonde in Christus vergewe het, dat Hy jou duur gekoop het met die bloed van Christus en jou nou laat deel in die nuwe lewe van die koninkryk. Die wonderlike wete dat jy dit nie kon koop of verdien nie, maar dat God jou dit in genade gegee het. Maar nou dat jy dit het – sal jy dit vir niks in hierdie wêreld prysgee nie!
'n Lewe wat nie net hierdie lewe anders en spesiaal maak nie, maar ook vir jou die deur oopsluit na die ewige lewe. 'n Lewe van genade, van vergifnis, van liefde van hoop en van God se krag wat in jou werk.

Brs en srs, weet julle wanneer besef jy die waarde van die lewe in die koninkryk van God?
Wanneer jy skielik <u>die dood</u> in die oë staar! Soos Dawid van ouds wat telkens van die kloue van dood na God geroep het om hulp! Dan is die koninkrykslewe vir jou soos 'n kosbare skat!
Wanneer <u>slegte nuus</u> van 'n dodelike siekte aan jou oorgedra word en jy soos Hiskia van ouds by die Here pleit om die lewe!
Wanneer jy besef dat jy koninkrykslewe <u>prysgegee het vir wêreldse goed</u> soos Judas wat die Here Jesus verraai het en daarna self moord gepleeg het.
Soos Paulus wat besef <u>hoe groot sondaar hy</u> is en daarom die grootheid van God se genade in sy ryk besef!
Soos Petrus wat die Here Jesus <u>verraai het en in die oë</u> van die Here Jesus gesien het hoe kosbaar is die lewe wat hy amper verloor het!
Wanneer jy **<u>die ryke seëninge van God</u>** in jou lewe besef en jy soos Dawid kan bely: die deel wat God vir my afgemeet het, is vir my mooi. Die Here is goed vir my.

Ja, ook wanneer die <u>dood onafwendbaar is</u> en jy weet jou tyd is hier – wanneer die vrede van God oor die dood van jou besit neem – dan besef jy die waarde van die lewe in Gods koninkryk!

Geliefde brs en srs, voor jy die grense van God se ryk in jou lewe wil skuif – met ander woorde: voor jy besluit om in jou daaglikse lewe nie meer volgens die beginsels van die koninkryk te lewe nie, maar eerder te lewe soos die sondige wêreld aan jou wil voorhou - gaan bepaal weer 'n slag vir jouself wat is die waarde van hierdie lewe in God se ryk wat Hy aan jou geskenk het.

Die tweede belangrike oorweging wat ons moet maak in die beantwoording van ons vraag vanmore is dan om te bepaal wat is ek bereid om prys te gee vir hierdie koninkrykslewe?

En om hierdie rede is die verhaal van die ryk jongman vir ons die Woord opgeskrywe. ʼn Man wat ywerig volgens die Woord van God gelewe het, maar daar was <u>een ding van sy aardse lewe wat hy nie bereid was om van afstand te doen nie en dit was om sy aardse rykdom prys te gee om binne die grense van die ryk van God te lewe</u>. Christus het presies geweet waar hy die grens in sy lewe trek en daarom bring die Here hom dadelik by die grens om hom te oorreed om daaroor te loop.

Want, brs en srs, ek hoop julle het agtergekom dat ons vraag eintlik ʼn ongeldige vraag is nie: Die vraag: Waar trek ek die grense van die koninkryk in my daaglikse lewe? is ʼn valse vraagstelling! Ek het dit doelbewus so geformuleer omdat ons dink ons kan die grense tussen die koninkryk en die wêreld maar skuif soos dit ons pas.

Jy kan nie die grense van die koninkryk in jou lewe skuif nie. Jy kan nie besluit dat daar tye en plekke is waar ek eerder volgens die beginsels van die wêreld gaan leef en dan ander kere waar ek weer volgens die beginsels van die koninkryk wil lewe nie. <u>Dit is die kritieke punt wat die Here ons leer in die lewe van die ryk jongman. Hy het gedink hy kan sy liefde vir geld en sy liefde vir die Here versoen. En dan sê die Here Jesus: so iemand kan nie deel aan die koninkryk van God nie.</u>

Wat is my en jou grens, br en sr? Waar trek ons die streep? Is ek bereid om ongehoorsaam aan God te wees ter wille van my werk en wat hulle daar van my verwag? Is ek bereid om oor die grens te stap ter wille van die een met wie ek in ʼn verhouding staan, my vriend of vriendin? Dalk my man of vrou? Ja, is ek bereid om oor die grens te stap om ek my kind ter wille wil wees? Dat ek eerder aan hom of haar toegee ten koste van die Here en sy Woord?

Geliefdes, daarom kom tye dat ons almal voor hierdie grenslyn staan? Wat moet ons dan doen? **<u>Fokus ten alle tye eerste op God en sy ryk en wat Hy jou in Christus bied en jou beveel!</u>** Kyk eers weer na die <u>kosbare skat wat jy ontvang het en na sy onmeetbare waarde!</u>
Moenie toelaat dat die wêreld jou verblind en jou oorreed dat daar dinge is wat beter is as om God gehoorsaam te wees nie.

<u>Miskien is die prys wat jy vir jou keuse moet betaal baie duur</u>. Dit kan jou dalk jou werk of loopbaan kos, dalk die kosbaarste vriend of vriendin wat jy het. Vertrou dan op die Here! Hy het immer vir ons gesê: [9]**<u>En elkeen wat ter wille van my Naam afgesien het van huise of broers of susters of vader of moeder of kinders of grond, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe as erfenis kry.[30]“</u>**

Geliefdes, die Here belowe ons ook vanoggend: daar waar ons in as koninkryksburgers in hierdie wêreld leef en ons moeilike besluite moet neem om nie oor die grens van die

koninkryk van God te loop nie – staan sy belofte vas: Hy sal vir jou sorg! Hy sal jou dra en jou dubbeld beloon omdat alles verkoop het om jou die kosbare skat van die koninkryk te hê.

En die wonderlike getuienis wat elke gelowige wat al hierdie keuse moes maak, kan lewer, is die ongelooflike krag wat God die Heilige Gees jou gee om die besluit biddend te neem en die vrede van God wat van jou besit neem as jy weet : om God gehoorsaam te wees, is die groot skat wat daar is.

Amen